



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

RELIGIESTUDIES V1

NOVEMBER 2022

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 12 bladsye.

AFDELING A (VERPLIGTEND)

LET WEL: Krediteer die kandidate indien die korrekte woord in plaas van die letter gegee is.

VRAAG 1

1.1	1.1.1	C✓	(1)
	1.1.2	D✓	(1)
	1.1.3	D ✓	(1)
	1.1.4	B✓	(1)
	1.1.5	A✓	(1)
	1.1.6	B✓	(1)
	1.1.7	B✓	(1)
	1.1.8	D✓	(1)
	1.1.9	A✓	(1)
	1.1.10	C✓	(1)
1.2	1.2.1	Nirvana✓	(1)
	1.2.2	Dharma✓	(1)
	1.2.3	Kalief✓	(1)
	1.2.4	Nie-bestaan✓	(1)
	1.2.5	Teruggebring/Terugbring/Umbuyiso/ukubuyisa ✓	(1)
	1.2.6	Pinkster✓	(1)
1.3	1.3.1	H✓	(1)
	1.3.2	F✓	(1)
	1.3.3	E✓	(1)
	1.3.4	G✓	(1)
	1.3.5	B✓	(1)
	1.3.6	A✓	(1)
1.4	1.4.1	Charles Darwin✓ Die ander drie is die stigters van godsdienste.✓	(2)
	1.4.2	Apokriewe✓ Die ander drie is name van gode uit verskillende godsdienste. ✓	(2)
	1.4.3	Theravada✓ Die ander drie is Hindoeïsme-geskrifte.✓	(2)
	1.4.4	Talmoed✓ Die ander drie is godsdienste.✓	(2)
	1.4.5	Katolieke Kerk ✓ Die ander drie is Afrika-geïnisieerde Kerke.✓	(2)

- 1.5 1.5.1 Onwaar√
Die heilige teks van die Bahá'i-geloof is oorspronklik in Arabies geskryf√
Die Nuwe Testament van die Christelike godsdiens is oorspronklik in Grieks geskryf√ (2)
- 1.5.2 Onwaar√
Abraham word as die stigter van Judaïsme erken √
In Judaïsme is die goddelike naam van God Jahweh/Jehova√ (2)
- 1.5.3 Onwaar√
Die hoof van die Katolieke vertakking van die Christendom is die Pous. √
Die Aartsbiskop van Canterbury is die hoof van die Anglikaanse Kerk. √ (2)
- 1.5.4 Onwaar√ In Boeddhisme verwys die woord 'Sutta' na 'n Boeddhis se teks.√ (2)
- 1.5.5 Onwaar√ Kosjer is dit wat in Judaïsme toelaatbaar is.√ (2)
- 1.5.6 Waar√√ (2)
- 1.6 1.6.1 • Sy is/was die opperhoof van die Kerk van Engeland (Anglikaanse Kerk) √
• Sy speel/het 'n hoofrol gespeel in die nominasies van die biskoppe van die Anglikaanse Kerk.√ (2)
- 1.6.2 • Hy is die Dalai Lama van Tibettaanse/Zen-Boeddhisme. √
• Hy was die heerser van Tibet.√
• Hy is 'n banneling in Indië. √
• Hy was 'n goeie vriend van oorlede Aartsbiskop Desmond Tutu.√ (2)
- 1.6.3 • Dit is 'n ritueel in Christendom.
• 'n Dankseggingsdiens waar brood (die liggaam van Christus) en wyn (die bloed van Christus) gebruik word; word ook die 'Heilige Nagmaal' genoem'. √
• Seremonie gebaseer op Jesus se laaste maal saam met sy dissipels. √
• Dit word ook die Laaste Avondmaal genoem.√ (2)

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B**VRAAG 2**

- 2.1 2.1.1
- Om vir ooreenkomste en verskille in godsdienste te kyk
 - Twee of meer godsdienste kan vergelyk word
 - Dit kan implisiet of eksplisiet wees (4)
- 2.1.2
- Die bepaling van boeke wat gesag in 'n godsdiens dra.
 - Dit is omdat daar geglo word dat dit geïnspireer of onthul word, of omdat dit so aangewys is.
 - Die woord het oorspronklik na Christen en Joodse heilige geskifte verwys, maar nou verwys dit ook na versamelings heilige tekste in ander godsdienste. (4)
- 2.1.3
- Die woord 'geloof' word soms as 'n sinoniem vir die woord 'godsdiens' gebruik.
 - Geloof kan na 'n ferm opinie verwys.
 - Die konsep 'geloof' kan ook verwys na die aanvaarding van die leringe van 'n spesifieke geloof in die godsdienstige konteks.
 - Geloof kan normatiewe (voorgeskrewe) aanvaarding van leringe insluit. (4)
- 2.2 2.2.1
- Volgelinge van die Bahá'i-geloof glo dat Bahá'u'lláh die jongste van God se boodskappers is.
 - Sy koms word as die begin van 'n nuwe tydperk beskou – een van vrede, geregtigheid en gelykheid.
 - Hulle glo dat daar net een God is, en dat alle godsdienste die een God op verskillende wyses aanbid.
 - Hulle organisasie en administrasie is uniek demokraties.
 - Die sake van hierdie gemeenskap word deur verkose rade en nie deur geestelike leiers nie, hanteer.
 - Hulle glo dat in die verre toekoms hulle s'n die enigste godsdiens in die wêreld sal wees. (4)
- 2.2.2
- Dit is 'n stamgebaseerde godsdiens
 - Dit is aan die eerste generasie onthul.
 - Wanneer mense sterf, sluit hulle by die geesteswêreld aan. Dit bevorder die waardes van Ubuntu. (4)
- 2.2.3
- Hulle het 'n verbond met God.
 - Hulle glo hulle is deur God uitverkore.
 - Hulle glo dat Israel hulle beloofde land is.
 - Hulle glo dat die Tora/Wet aan Moses deur God gegee is. (4)
- 2.2.4
- Boeddhiste glo aan tydelikheid – niks bestaan vir ewig nie.
 - Hulle glo aan onwesenlikheid/swakheid – geen deel van die mens of enigiets anders is onsterflik of ewig nie.
 - Hulle glo aan onoortuiging – niks is stabiel of wesenlik nie, maar mense dring daarop aan om permanensie te vind, wat hulle ongelukkig maak.
 - Nirvana is die aanvaarding van die werklikheid soos dit is (tevredenheid). (4)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

- 2.3
- Brahmanas
 - Kshatriyas
 - Waisjas ('Vaishyas')
 - Sudras
- (8)
- 2.4
- 2.4.1
- Die teks wat die openbaringe van God bevat, staan as die Koran bekend.
 - Hierdie boek word as die belangrikste geskrif van Islam beskou.
 - Dit word as die woord van God beskou.
 - Die Koran kan nie van die taal waarin dit geopenbaar (Arabies) is, geskei word nie.
 - Dit moet in daardie teks bestudeer word om die korrekte betekenis te behou.
 - Na die Koran is die Hadith die belangrikste teks.
 - Dit bevat die Profeet se gesegdes.
 - Hadith toon die voorbeelde wat deur die profeet gestel is.
- (4)
- 2.4.2
- Inkarnasie beteken God word mens,(bv. Jesus was terselfdertyd God en mens.)
 - Opstanding beteken dat die persoon uit die dood opgestaan het, (bv. Jesus het uit die dood opgestaan).
- (4)
- 2.4.3
- Oludumare is die Oppergod in die Yoruba-godsdiens.
 - Dzengi is die bosgees wat help met jag in die Aka-godsdiens.
- (4)
- 2.5
- 'Shabbat' staan vir 'Saterdag'. Daar word geglo dat hierdie dag die spesiale rusdag is en moet deur Jode ondergehou word. Dit is deur God beveel.
- (2)
- [50]**

VRAAG 3

- 3.1.1 • Wanneer hulle 'n moeilike tyd in hulle lewens ervaar, dink hulle dikwels aan toordery/toorkuns of glo dat hulle vervloek is. (2)

- 3.1.2 • Hulle word dikwels deur tradisionele genesers, waarsêers en valse profete gemanipuleer.
• Hulle mors die bietjie/min geld wat hulle het om hierdie tradisionele genesers te raadpleeg.
• Hulle hou op om hard te werk om hulle toekoms te verbeter.
• Dit saai agterdog oor toorkuns onder die lede van die gemeenskap.
• Hulle maak mekaar dood op grond van hulle bygelowigheid. (4)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

- 3.1.3 • 'Bygelowige idees' beteken 'n geloof in bonatuurlike magte wat 'n individu beïnvloed.
• Dit is enige geloof of praktyk wat as irrasioneel of ongegrond beskou word. Dit is 'n idee wat aan die noodlot of toordery toegeskryf word deur diegene wat in die bonatuurlike glo. (4)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

- 3.1.4 • Hulle moet mense leer oor die gevolge van toordery/toorkuns in gemeenskappe.
• Godsdienstige organisasies moet mense bewus maak van swendelaars en gou-ryk-word-skemas.
• Hulle moet vaardigheidsontwikkelingsentrums in hulle gemeenskappe oopmaak.
• Hulle moet entrepreneurskap bevorder sodat mense hulleself kan onderhou.
• Harde werk saam met gebed moet gebruik word om die geloof in toordery / heksery uit te roei. (6)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

- 3.1.5 • Hulle moet diegene wat deur toordery geaffekteer is, 'skoonmaak'.
• Hulle help mense om 'n positiewe uitkyk/houding te ontwikkel.
• Hulle tree as bemiddelaars tussen die lewendes en die voorvaders op.
• Hulle gebruik kruiemedisyne om siekes gesond te maak. (6)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

3.1.6

NEE

- Die artikel is nie bevooroordeel nie; dit probeer 'n gesindheid van bewustheid by mense vestig.
- Die artikel noem feite oor swart mense wat beweer dat hulle getoor of vervloek is.
- Dit verduidelik hoe mense uit die siklus van armoede kan ontsnap.

JA

- Dit is nie net arm mense wat bygelowig is nie.
- Dit is nie net swart mense wat aan teenspoed glo nie.
- Ander glo dat Vrydag die 13de 'n dag van teenspoed is.
- Die skrywer sê niks oor mense wat hard werk en hulle doelwitte behaal het nie.

(6)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

3.1.7

JA

- Duisende ryk mense raadpleeg tradisionele genesers as gevolg van 'vervloekingslogika' ('curse logic').
- Dit is in die besigheid van ryk mense waar menslike weefsel gevind word. Dit is 'n bewys van toorkuns/heksery.
- Hulle huur arm mense om onskuldige mense dood te maak om liggaamsdele vir 'towerdrankies/doepa' te oes.

NEE

- Ryk mense se behoeftes is vervul. Hulle glo nie in die 'vervloekingslogika' nie.
- Vir ryk mense is die 'vervloekingslogika' die produk van negatiwiteit, luiheid en frustrasie.

(4)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

3.1.8

- Hulle glo aan die mag van die voorvaders.
- Hulle kan deur diegene wat godsdienstige gesag (isangomas/waarsêers) gemanipuleer word.
- Die meerderheid armes in die wêreld is swart mense.
- Daar is stereotipes oor swartes en toordery.
- Die *Daily Sun* teiken Swart lesers. Daarom dat hulle na Swart mense verwys.

(4)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

3.2

- Godsdienstorganisasies moet hulle lede leer hoe om die media te hanteer.
- Godsdienstorganisasies moet nie negatiewe dinge doen wat negatiewe mediadekking sal lok nie.
- Godsdienstorganisasies moet hulle eie mediadepartemente hê om hulle werk te bevorder.

(6)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

3.3 NEE

- Drukgroepe, beide in die burgerlike samelewing en regering, moet verseker dat media-artikels hulle belange ondersteun.
- Joernaliste se verslagdoening weerspieël slegs hulle eie vooroordele.
- Die media is 'n besigheid en sal nuuswaardige items soek.
- 'n Artikel wat noem dat 'n middernagmidsciens goed afgehoop het, het min nuuswaarde.

JA

- Persvryheid word in die verskeidenheid standpunte weerspieël, soos ook in godsdienstige verslagdoening uitgedruk.
- Daar is godsdienstige op televisiekanale wat regverdig oor godsdienstige verslag doen.
- Alle godsdienste word op verskillende mediaplatforms gedek.
- Godsdienstige organisasies het hulle eie onafhanklike media wat ten doel het om hulle leringe te versprei.
- Die wet laat toe dat besware gelug word indien mediadekking onregverdig is (BCCSA).

(8)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.**[50]**

VRAAG 4

- 4.1 4.1.1 • Afrika (2)
- 4.1.2 • Tsjad
• Libië
• Egipte
• Ethiopië
• Suid-Soedan (4)
- 4.1.3 • Sudan Liberation Army
• Justice and Equality Movement (4)
- 4.1.4 • Dit is 'n etniese konflik tussen Arabiese Moslems en nie-Arabiese Moslems van die Suide.
• Nie-Moslems is nie by die konflik betrokke nie.
• Godsdien self blyk nie 'n radikale bron van verdeeldheid te wees nie.
• Die meeste mense aan beide kante van die konflik is Soenni-Moslems.
• Godsdien word deur politieke partye gebruik om ondersteuning te wen.
• Een van die probleme van die Darfoer-konflik is dat dit nie die klassieke oorlogwyse van regering teen rebelle volg nie. (6)
- 4.1.5 • Suid-Soedan het in Julie 2011 onafhanklikheid van Soedan verkry as die uitkoms van 'n 2005-vredesooreenkoms wat Afrika se langste burgeroorlog beëindig het.
• 'n Oorweldigende meerderheid Suid-Soedannese het in 'n Januarie 2011-referendum gestem om af te stig en Afrika se jongste nuwe land sedert Eritrea in 1993 van Ethiopië geskei het, te word.
• Die sentrale regering van Soedan is in die noordelike hoofstad Khartoem geleë en het militêre mag gebruik om Sjaria-wet op alle Soedannese toe te pas.
• Die Suid-Soedannese het teen die noordelike regering gerebelleer wat tot die stigting van Suid-Soedan gelei het. (6)
- 4.2 • Dit kan lyk asof hulle een kant bevoordeel.
• Hulle het selde oor politici invloed.
• Hulle het beperkte fondse, gewoonlik publieke skenkings.
• Daar kan meer as een organisasie wees wat vrede bemiddel.
• Dit kan die konflik laat toeneem.
• Godsdienorganisasies het nie 'n meganisme om ooreenkomste af te dwing nie, bv. weermagte. (10)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

- 4.3
- Daar is oorloë waar 'n staat besluit dat mense in 'n naburige staat na 'ware godsdiens' bekeer moet word, evangeliese oorloë.
 - Militêre mag en staatsmag word as weerspieëlings van die glorie van God beskou; verowering van ander state vir die glorie van God.
 - Oorloë uit selfverdediging word ook as regverdige oorloë beskou.
 - Oorloë uit weerwraak/vergelding, waar mense veg om wraak te neem vir 'n oortreding/misdryf wat teen hulle godsdiens gepleeg is, word toegelaat. (8)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

4.4 **VOORBEELD 1: CHRISTELIKE GODSDIENS**

- 'Jy moet jou naaste soos jouself lief hê.'
- Hierdie lering moedig onbaatsugtigheid/behandel almal op dieselfde wyse, aan.
- 'Doen aan ander wat jy wil hê hulle aan jou moet doen.'
- Hierdie lering moedig wedersydse respek aan, wat dus konflik verminder.
- 'Jy mag nie moord pleeg nie.'
- Dit verwys na die onskendbaarheid en heiligheid van die menselewe.

VOORBEELD 2: BOEDDHISME

- Dit bevorder 'n gedeelde menslikheid (onselfsugtigheid).
- Daar is 'n gedeelde aspirasie om geluk te wen en om die lyding van alle lewende dinge te vermy.
- 'n Credo van Boeddhisme is 'Daar mag geen leed aan lewende wesens, mense ingesluit, gedoen word nie.'
- Boeddhisme het dus nog nooit oorlog gemaak om hulle lerings te versprei nie, aangesien dit 'n skending van basiese menseregte sal wees.
- Die godsdiens word deur diens aan die mensdom (klinieke, skole, ens.) gepropageer.
- Boeddhisme laat vryheid van keuse in sosiale verhoudings toe jy mag rituele van ander godsdienste beoefen, maar jou persoonlike oortuigings moet Boeddhisties bly.
- Dit is deur hierdie verdraagsaamheid dat konflik vermy word. (10)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

[50]

VRAAG 5**5.1 VOORBEELDE:****Vryheid van diskriminasie**

- Jy het die verantwoordelikheid om hierdie reg vir jouself en andere te handhaaf.
- Jy mag nie teen ander diskrimineer op grond van ras, godsdiens, geslag, taal of politieke mening nie.

Die reg op 'n huwelik en gesin

- Jy het die verantwoordelikheid om gesinslewe te ondersteun en te bevorder, veral jou eie.
- Jy het die verantwoordelikheid om nie op enige wyse op te tree wat tot die afbreek van 'n gesin te lei nie.

Die reg op onderwys

- Jy het die verantwoordelikheid om klasse by te woon.
- Jy het die verantwoordelikheid om 'n toegewyde leerder/student te wees wat die werk en studie vereis, doen.

(8)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.**5.2 VOORBEELD 1: CHRISTELIKE GODSDIENS**

- 'Vroue moet aan hulle mans onderdanig wees net soos die kerk aan God onderdanig is.'
- Hierdie lering word misbruik as regverdiging om vroue te beheer. Dit is 'n skending van hulle vryheid van uitdrukking.
- Vroue is nie by familievergaderings betrokke nie as 'n wyse om aan die man onderdanig te wees.
- Vroue moet hulle mans onvoorwaardelik gehoorsaam.

VOORBEELD 2: AFRIKA TRADISIONELE GODSDIENS

- Daar is 'n kultuur van lobola.
- Mans misbruik soms hierdie kultuur deur vroue as hulle eie voorwerpe/persoonlike eiendom te behandel.
- Hulle word verbied om aan enige tradisionele rituele deel te neem.

(6)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

5.3 **KARUNA**

- Deur Boeddhistiese waardes geïnspireer, hulle bestaan om kaste-gebaseerde diskriminasie, armoede en ongelikheid in Indië en Nepal te beëindig.
- Hulle werk met individue fokus op onderwys, eerbiedwaardige lewensbestaan en geslagsgelykheid, transformasie van gemeenskappe en die verandering van die samelewing.
- Karuna en hulle ondersteuners het sedert 1980 mense in staat gestel om kastediskriminasie te oorkom.

GIFT OF THE GIVERS-STIGTING

- Dit is die grootste rampreaksie-NRO van Afrika-oorsprong op die Afrika-kontinent.
- Dit gee lewensreddende hulp in die vorm van soek-en-red-spanne, mediese personeel, mediese toerusting en mediese verskaffers, medisyne, inentingstof en teenmalariamedikasie.
- Die stigting het ten doel om 'n praktiese verskil in mense se lewens te maak, ongeag ras, geloof of godsdiens.

HEILSLEËR ('SALVATION ARMY')

- Dit is 'n Christen-organisasie wat 'n aantal praktiese maniere verskaf om mense te help.
- Dit sluit in verskaffing van skooling vir haweloses en hulp vir weeskinders.
- Hulle verskaf geestelike en emosionele stimulasie, liefde en versorging vir hierdie kinders.
- Die kinders word versorg, gevoed en geklee en die geleentheid gebied om hulle kinderjare te geniet.
- Indien moontlik, word die kinders met hulle biologiese ouers herenig.
- Alternatiewelik word pleegsorg of aanneming aangemoedig.

(12)

LET WEL: Enige twee organisasies moet krediet kry.

'n MAKSIMUM van AGT punte mag toegeken word vir enige een organisasie.

5.4

- Die sluiting van plekke van aanbidding was 'n maatreël om die verspreiding van aansteeklike siektes te voorkom.
- Om die publiek se gesondheid te beskerm, is om menseregte te beskerm aangesien alle mense die reg op lewe het.
- Internasionale menseregte wetgewing waarborg almal die reg op die hoogste bekombare gesondheidsstandaard.
- Dit verplig die regering om stappe te doen om bedreigings teen publieke gesondheid te voorkom.
- Menseregte wetgewing erken dat in die konteks van ernstige publieke gesondheidsbedreigings, beperkings op sommige regte geregverdig is.
- Alle byeenkomste is verban (sport, sosiaal ens.)
- Dit bewys dat dit nie 'n skending van godsdiensvryheid was nie.

(10)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

5.5 **NEE**

- Suid-Afrika is 'n sekulêre staat wat beteken dat alle godsdienste voor die wet gelyk is.
- Daar is intergodsdiensteorganisasies wat alle godsdienste insluit, groot en klein.
- Die Konstitusie waarborg godsdienstvryheid in Suid-Afrika.

JA

- 'n Minderheidsgodsdiens se stem sou nie dieselfde status as meerderheidsgodsdiens kry nie.
- Hulle kan deur die meerderheid geïntimideer voel.
- Hulle godsdiensvakansiedae is nie openbare vakansiedae nie.

LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.

(6)

5.6

- Die meeste lande is versadig wat godsdienste betref, sendelinggodsdienste veg vir nuwe bekeerdes.
- Sosiale media word gebruik om vals inligting oor godsdienste te versprei.
- Sensasie, die produksie van stories wat 'viraal raak' ('go viral') op sosiale media, is een strategie wat godsdiens onverdraagsaamheid verhoog.
- Hierdie stories is dikwels feitlik nie korrek nie, of feite word verdraai om 'n geweldadige reaksie te kry.
- Politici gebruik al hoe meer godsdiens onverdraagsaamheid om hulle ondersteuningsbasis te vergroot.

LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.

(8)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 100

GROOTTOTAAL: 150